 - (i) die koers waarteen rente deur die Staat betaal word op latere uitgiftes van effekte waarin eersgenoemde effekte omgesit word; of
 - (ii) die koers waarteen rente deur die Staat betaal word op geld wat deur hom geleen en aangewend is om die kapitaalbedrag van daardie effekte te vervang indien dit terugbetaal word en nie in ander effekte omgesit word nie;
- (b) in die geval van geld verkry deur 'n lening ingevolge 'n ooreenkoms deur die Staat aangegaan, teen die koers waarteen rente deur die Staat op daardie lening betaalbaar is, onderworpe, by terugbetaling deur die Staat van sodanige lening, aan gelykstelling van dié rentekoers met die koers waarteen rente deur die Staat betaal word op geld wat deur hom geleen en aangewend is om die kapitaalbedrag te vervang van die lening wat terugbetaal is;
- (c) in die geval van geld wat aan daardie Administrasie ingevolge subartikel (1) (b) betaal is, teen 'n rentekoers gelyk aan dié waarteen rente deur die Staatskuldkommisaris aan genoemde Administrasie betaal word op laasgenoemde se deposito's op aanvraag terugbetaalbaar op die tydstip wanneer die betrokke betaling gedoen word.

(3) Behalwe vir sover die Spoorweg- en Hawe-administrasie en die Tesourie anders ooreenkom, word die totale bedrag aan rente wat ten opsigte van 'n boekjaar ingevolge subartikel (2) deur genoemde Administrasie verskuldig is, in twaalf min of meer gelyke maandelikse paaiemente aan die Tesourie betaal.

(4) Die Spoorweg- en Hawe-administrasie is aanspreeklik vir—

- (a) dié persentasie van die Tesourie se regstreekse opennings- en bestuurskoste ten opsigte van effekte of 'n lening waaruit 'n bedrag aan daardie Administrasie ingevolge subartikel 1 (a) of (b) betaal is, wat gelykstaan met die persentasie wat die bedrag aldus betaal, uitmaak van die totale bedrag verkry uit die betrokke effekte of lening; en
- (b) soveel van die Tesourie se jaarlikse kostes in verband met die administrasie van lenings as wat die Tesourie van tyd tot tyd bepaal.

(5) In hierdie artikel beteken „effekte“ ook obligasies.

28. (1) 'n Bedrag van R199 000 000 van dié gedeelte van die totale bedrag van lenings wat met ingang van 1 April 1968 deur die Tesourie aan die Departement van Pos- en Telekommunikasiëwese beskikbaar gestel is wat op 1 April 1972 nie aan die Tesourie terugbetaal was nie, word geag permanente kapitaal te wees wat met ingang van laasgenoemde datum aan daardie Departement beskikbaar gestel is en is nie aan die Tesourie terugbetaalbaar nie.

Permanente
kapitaal aan
Departement van
Pos- en Telekom-
munikasiewese
beskikbaar gestel,
en betaling van
rente daarop.

(2) Die Departement van Pos- en Telekommunikasiëwese betaal aan die Tesourie rente teen die koers van ses persent per jaar op die permanente kapitaal in subartikel (1) bedoel, en behalwe vir sover genoemde Departement en die Tesourie anders ooreenkom, geskied betaling van genoemde rente in gelyke halfjaarlikse paaiemente.

Act No. 66, 1975

EXCHEQUER AND AUDIT ACT, 1975.

Loans to Department of Posts and Telecommunications, and the payment of interest thereon.

29. (1) Moneys appropriated out of the State Revenue Fund as loans to the Department of Posts and Telecommunications and which may be required from time to time by that Department for its capital expenditure, shall be obtained by requisition on the Treasury, and every such loan shall be repaid to the Treasury in accordance with the provisions of subsection (2).

(2) Save as may be otherwise agreed between the Department mentioned in subsection (1) and the Treasury, a repayment contemplated in the said subsection shall be effected by way of equal half-yearly instalments, which shall include both interest and redemption at such rate of redemption as will effect the full redemption of the loan in question at the end of a period of twenty years as from the date on which the loan or, if it was paid in instalments, the last instalment thereof was paid to that Department.

Conversion of the loan liability of South African Broadcasting Corporation into permanent capital.

30. (1) The amount of R40 000 000 made available by the Treasury to the South African Broadcasting Corporation, shall be deemed to have been made available to it as permanent capital, and the said amount shall not be repayable to the Treasury.

(2) Interest at the rate of six and a half per cent per annum, payable six-monthly in arrear, shall be payable on 31 January and 31 July in every year by the South African Broadcasting Corporation to the Treasury in respect of the permanent capital mentioned in subsection (1).

CHAPTER III

GENERAL FINANCIAL CONTROL

Other powers of the Treasury.

31. (1) Subject to the provisions of this Act and any other law, the Treasury shall have the power to—

- (a) give guidance in and exercise control over the financial and stores administration in the Public Service to bring about the systematic and orderly management thereof and to promote efficiency and economy in the utilization of State moneys and of other State property;
- (b) direct that such expenditure as it may determine shall not be incurred without its approval having been obtained;
- (c) approve fees or other charges or the rates, scales or tariffs of fees or other charges not fixed or capable of being fixed by or in terms of any law and relating to revenue accruing to or expenditure from the State Revenue Fund, and to direct that no such fee or charge or rate, scale or tariff thereof shall be introduced before the approval of the Treasury has been obtained;
- (d) grant approval for the rendering of a free service;
- (e) grant approval for the write-off of a loss of State money and other State property;
- (f) grant approval for the variation or cancellation of contracts to the detriment of the State;
- (g) require accounting officers to submit draft estimates to it, analyse such estimates and make recommendations thereon to the Minister;
- (h) require any accounting officer to submit to it information, returns, documents, explanations and motivations in regard to any matter affecting State moneys or other State property;
- (i) grant approval for the settlement of a claim by or against the State or for the waiver of a claim by the State;
- (j) authorize or condone non-compliance by an accounting officer with an instruction or other written request, stipulation or condition of the Treasury in connection with any matter;

SKATKIS- EN OUDITWET, 1975.

Wet No. 66, 1975

29. (1) Geld wat uit die Staatsinkomstefonds as lenings aan die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese bewillig word en wat genoemde Departement van tyd tot tyd vir sy kapitaaluitgawes nodig het, word by wyse van aanvraag by die Tesourie verkry, en elke sodanige lening word ooreenkomsdig die bepalings van subartikel (2) aan die Tesourie terugbetaal.

Lenings aan Departement van Pos- en Telekommunikasiewese, en betaling van rente daarop.

(2) Behalwe vir sover die Departement vermeld in subartikel (1) en die Tesourie anders ooreenkom, geskied 'n terugbetaling beoog in genoemde subartikel in gelyke halfjaarlikse paaiemente, wat rente sowel as delging insluit, teen 'n delgingskoers wat die volle delging van die betrokke lening sal bewerkstellig aan die einde van 'n tydperk van twintig jaar vanaf die datum waarop die lening of, indien dit in paaiemente betaal is, die laaste paaiment daarvan aan daardie Departement uitbetaal is.

30. (1) Die bedrag van R40 000 000 wat deur die Tesourie aan die Suid-Afrikaanse Uitsaakorporasie beskikbaar gestel is, word geag as permanente kapitaal aan hom beskikbaar gestel te wees, en genoemde bedrag is nie aan die Tesourie terugbetaalbaar nie.

Omskepping van leningskuld van Suid-Afrikaanse Uitsaakorporasie in permanente kapitaal.

(2) Rente teen die koers van ses-en-'n-half persent per jaar, sesmaandeliks agterna betaalbaar, is op 31 Januarie en 31 Julie van elke jaar ten opsigte van die permanente kapitaal vermeld in subartikel (1) deur die Suid-Afrikaanse Uitsaakorporasie aan die Tesourie betaalbaar.

HOOFSTUK III

ALGEMENE FINANSIELE BEHEER

31. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet en enige ander wet, het die Tesourie die bevoegdheid om—

Ander bevoegdhede van die Tesourie.

- (a) leiding te gee in en beheer uit te oefen oor die finansiële administrasie en voorrade-administrasie in die Staatsdiens ten einde die sistematisiese en ordelike bestuur daarvan te bewerkstellig en doeltreffendheid en besuiniging by die aanwending van Staatsgeld en van ander Staatsgoed te bevorder;
- (b) te gelas dat die uitgawes wat hy bepaal, nie aangegaan mag word nie sonder dat sy goedkeuring verkry is;
- (c) geldie of ander vorderings of die koerse, skale of tariewe van geldie of ander vorderings wat nie by wet bepaal is of bepaal kan word nie en wat betrekking het op inkomste wat die Staatsinkomstefonds toeval of op uitgawes daaruit, goed te keur en te gelas dat geen sodanige geldie of vorderings of koers, skaal of tarief daarvan in werking gestel word nie voordat die Tesourie se goedkeuring verkry is;
- (d) goedkeuring te verleen vir die lewering van 'n gratis diens;
- (e) goedkeuring te verleen vir die afskrywing van 'n verlies van Staatsgeld en ander Staatsgoed;
- (f) goedkeuring te verleen dat kontrakte tot die nadeel van die Staat gewysig of opgesê word;
- (g) te eis dat rekenpligtige beampies konsepbegrotings aan hom voorlê, sulke begrotings te ontleed en aanbevelings daaroor aan die Minister te doen;
- (h) te eis dat 'n rekenpligtige beampte inligting, opgawes, stukke, verduidelikings en motiverings met betrekking tot enige aangeleentheid wat Staatsgeld of ander Staatsgoed raak, aan hom voorlê;
- (i) goedkeuring te verleen vir die skikking van 'n eis deur of teen die Staat of vir die afstanddoening van 'n eis deur die Staat;
- (j) nie-nakoming, deur 'n rekenpligtige beampte, van 'n instruksie of ander geskrewe versoek, bepaling of voorwaarde van die Tesourie in verband met die een of ander aangeleentheid te magtig of te kondoneer;

Act No. 66, 1975

EXCHEQUER AND AUDIT ACT, 1975.

- (k) investigate and inspect systems for the control and administration of financial matters and stores and for the handling of movable State property in the Public Service;
- (l) determine against which vote or sub-division thereof expenditure on a service should be charged;
- (m) determine the terms and conditions on which revenue due to the State may be paid and on which State moneys may be disbursed;
- (n) approve remissions, as an act of grace, of moneys due to the State;
- (o) approve refunds of revenues as an act of grace;
- (p) approve payments, as an act of grace, from State moneys;
- (q) approve gifts of State moneys and other movable State property or the acceptance of gifts to the State;
- (r) approve the alienation, letting or other disposal of movable State property:

Provided that when the amount involved in any case contemplated in paragraph (n), (o), (p) or (q), other than any such case in connection with movable State property, exceeds ten thousand rand or relates to a tax, tariff duty, other duty or impost imposed by law, such remission, refund, payment or gift shall not be made unless moneys for the purpose have been appropriated by Parliament: Provided further that if, in the opinion of the Treasury, the circumstances connected with the payment of any such tax, tariff duty, other duty or impost justify a refund as an act of grace of the whole or a portion of the amount in question, the Treasury may approve such refund to an amount, not exceeding ten thousand rand, as a charge against the vote concerned.

(2) The Treasury may in its discretion approve the write-off of the whole or any portion of an amount owing to the State by a person, if it is satisfied that—

- (a) the amount is irrecoverable;
- (b) recovery of the amount would be uneconomical;
- (c) recovery of the amount would cause undue hardship to the debtor or his dependants because they are deprived of the minimum essential means of a livelihood;
- (d) the assets of the debtor or of the estate of the debtor, if he is deceased, (whether or not such assets are pledged to the State) are indispensable to his dependants or are of relatively little value, and the debtor or his estate, as the case may be, is unable to pay the amount or any portion thereof, except by the disposal of such assets and such disposal would cause undue hardship; or
- (e) it would be to the advantage of the State to effect a settlement of its claim in question or to waive such claim.

(3) Whenever a power is conferred by any law to determine any rate, scale, tariff, fee or charge for the purposes of any revenue accruing to, or expenditure from, the State Revenue Fund, such a determination shall, notwithstanding the provisions of such law, not be made before the approval of the Treasury thereof has been obtained: Provided that the provisions of this subsection shall not apply to any tax or such a determination by the State President.

Delegation of powers of the Treasury.

32. (1) The Treasury may on such conditions as it may determine, delegate to an accounting officer any power conferred upon it by section 31 (1) or (2).

SKATKIS- EN OUDITWET, 1975.

Wet No. 66, 1975

- (k) stelsels vir die beheer en bestuur van finansiële aangeleenthede en voorrade en vir die hantering van roerende Staatsgoed in die Staatsdiens te ondersoek en te inspekteer;
- (l) te bepaal watter begrotingspos of onderindeling daarvan met 'n uitgawe aan 'n diens belas moet word;
- (m) die terme te bepaal waarop inkomste wat aan die Staat verskuldig is, betaal kan word, en die voorwaardes te bepaal waarop Staatsgeld bestee kan word;
- (n) goedkeuring te verleen dat geld wat aan die Staat verskuldig is, by wyse van gracie kwytkeskeld word;
- (o) terugbetalings van inkomste by wyse van gracie goed te keur;
- (p) betalings uit Staatsgeld by wyse van gracie goed te keur;
- (q) goedkeuring te verleen dat skenkings van Staatsgeld en ander roerende Staatsgoed gedaan kan word of dat skenkings aan die Staat ontvang kan word;
- (r) goedkeuring te verleen vir die vervreemding of verhuring van of die ander beskikking oor roerende Staatsgoed:

Met dien verstande dat wanneer die bedrag betrokke by 'n geval beoog in paragraaf (n), (o), (p) of (q), uitgesonderd so 'n geval in verband met roerende Staatsgoed, tienduisend rand oorskry, of betrekking het op 'n belasting, doeanereg, ander reg of heffing wat by wet opgeleë is, sodanige kwytskelding, terugbetaling, betaling of skenkking nie gedaan word nie tensy geld vir dié doel deur die Parlement bewillig is: Met dien verstande voorts dat indien die omstandighede verbонde aan die betaling van so 'n belasting, doeanereg, ander reg of heffing na die oordeel van die Tesourie 'n terugbetaling by wyse van gracie van die geheel of 'n gedeelte van die betrokke bedrag regverdig, hy sodanige terugbetaling tot hoogstens tienduisend rand as 'n las teen die betrokke begrotingspos kan goedkeur.

(2) Die Tesourie kan na goeddunke goedkeur dat 'n bedrag wat deur iemand aan die Staat verskuldig is, in die geheel of ten dele afgeskryf word, indien die Tesourie oortuig is dat—

- (a) die bedrag oninbaar is;
- (b) invordering van die bedrag oneconomies sou wees;
- (c) invordering van die bedrag die skuldenaar of sy afhanklikes oormatige ontbering sal veroorsaak deurdat hulle die minimum bestaansbenodigdhede ontneem word;
- (d) die bates van die skuldenaar of van die boedel van die skuldenaar, indien hy oorlede is, (hetso sodanige bates aan die Staat verpand is al dan nie) vir sy afhanklikes onmisbaar is of van betreklik geringe waarde is en die skuldenaar of sy boedel, na gelang van die geval, nie in staat is om die bedrag of 'n gedeelte daarvan te betaal nie, behalwe deur sodanige bates van die hand te sit en sodanige vandiehandsetting oormatige ontbering sal veroorsaak; of
- (e) dit tot voordeel van die Staat sal strek om 'n skikking van sy betrokke eis aan te gaan of van dié eis afstand te doen.

(3) Wanneer 'n bevoegdheid by Wet verleen word om 'n koers, skaal, tarief, geldie of vordering te bepaal vir die doelendes van inkomste wat toeval aan, of uitgawe uit, die Staatsinkomstefonds, word so 'n bepaling, ondanks die bepalings van daardie wet, nie gedaan nie voordat die goedkeuring van die Tesourie daarvoor verkry is: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie op belasting of so 'n bepaling deur die Staatspresident van toepassing is nie.

32. (1) Die Tesourie kan 'n bevoegdheid wat by artikel 31 (1) Delegasie van bevoegdheede van (2) aan hom verleen is, op die voorwaardes deur hom bepaal, die Tesourie aan 'n rekenpligtige beampete deleger.

Act No. 66, 1975

EXCHEQUER AND AUDIT ACT, 1975.

(2) Where the Treasury has delegated any power under subsection (1), it may authorize the accounting officer concerned to delegate that power to the holder of any post designated by the Treasury.

(3) An accounting officer shall not be divested of any power delegated by him and may amend or withdraw any decision made in the exercise of that power.

(4) The Treasury shall not be divested of a power delegated by it or under its authority and may amend or withdraw any decision made in the exercise of such power, including a decision of an accounting officer whereby a decision contemplated in subsection (3) is amended or withdrawn.

(5) Where any power has been delegated to the holder of a post, that power may be exercised by the person who for the time being performs the functions attached to such post.

Unauthorized expenditure.

33. (1) An expenditure concerned shall be unauthorized if—

(a) a payment is made by an accounting officer without provision having been made therefor by or by virtue of the provisions of any law;

(b) a payment or part of a payment on a service authorized by an appropriation Act results in—

(i) the total amount appropriated for the vote concerned being exceeded;

(ii) a prohibition, by virtue of the provisions of section 5 (3), on the expenditure being brought to account as a final debit; or

(iii) the amount shown in "Column 2" of the schedule to an appropriation Act in respect of a service being exceeded and an authority referred to in section 7 (1) (b) (ii), has not been obtained;

(c) an accounting officer is unable to produce to the Auditor-General in respect of a payment an appropriate Treasury authority required in terms of the provisions of this Act or any other law;

(d) an accounting officer makes a payment inconsistent with a provision of any law.

(2) All unauthorized expenditure contemplated in subsection (1) shall be reported as such by the Auditor-General in his report to Parliament.

(3) Unauthorized expenditure contemplated in subsection (1) shall not form a charge against the State Revenue Fund until—

(a) in the case of paragraph (a), (b) or (c) of that subsection the expenditure concerned has been authorized by law; or

(b) in the case of paragraph (d) of that subsection, the expenditure concerned has been validated by law.

(4) Unauthorized expenditure which has not been authorized or validated as contemplated in subsection (3) shall, if the accounting officer cannot or is unwilling to recover the amount concerned from the beneficiary or the person responsible for the unauthorized expenditure, be recovered by the Treasury from the accounting officer.

Recovery of losses and damages.

34. (1) If a person who is or was in the employ of a department of State caused the State a loss or damage because he—

(a) failed to collect State moneys for the collection of which he is or was responsible;

(b) is or was responsible for an irregular payment of State moneys or for a payment of such moneys not supported by a proper voucher;

(c) is or was responsible for fruitless expenditure of State moneys due to an omission to carry out his duties;

SKATKIS- EN OUDITWET, 1975.

Wet No. 66, 1975

(2) Waar die Tesourie 'n bevoegdheid kragtens subartikel (1) gedelegeer het, kan hy die betrokke rekenpligtige beamppte magtig om daardie bevoegdheid te deleger aan die bekleer van 'n pos deur die Tesourie aangewys.

(3) 'n Rekenpligtige beamppte word nie ontdoen van 'n bevoegdheid deur hom gedelegeer nie, en kan 'n beslissing gegee by die uitoefening van daardie bevoegdheid wysig of intrek.

(4) Die Tesourie word nie ontdoen van 'n bevoegdheid deur hom of kragtens sy magtiging gedelegeer nie en kan 'n beslissing gegee by die uitoefening van dié bevoegdheid, met inbegrip van 'n beslissing van 'n rekenpligtige beamppte waarby 'n beslissing beoog in subartikel (3) gewysig of ingetrek word, wysig of intrek.

(5) Waar 'n bevoegdheid aan die bekleer van 'n pos gedelegeer is, kan daardie bevoegdheid uitgeoefen word deur die persoon wat te eniger tyd die werksaamhede wat aan daardie pos verbonde is, verrig.

33. (1) 'n Betrokke uitgawe is ongemagtig indien—

Ongemagtigde uitgawes.

- (a) 'n uitbetaling deur 'n rekenpligtige beamppte gedoen word sonder dat voorsiening daarvoor by of uit hoofde van die bepalings van 'n wet gemaak is;
- (b) 'n uitbetaling of gedeelte van 'n uitbetaling aan 'n diens wat by 'n Begrotingswet gemagtig is, meebring dat—
 - (i) die totale bedrag bewillig op die betrokke begrotingspos oorskry word;
 - (ii) die uitgawe uit hoofde van die bepalings van artikel 5 (3) nie as 'n finale debet geboek mag word nie; of
 - (iii) die bedrag wat ten opsigte van 'n diens in „Kolom 2“ van die bylae by 'n Begrotingswet aangetoon is, oorskry word en daar nie 'n magtiging bedoel in artikel 7 (1) (b) (ii) verkry is nie;
- (c) 'n toepaslike Tesourie-magtiging wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet of 'n ander wet vereis word, nie deur 'n rekenpligtige beamppte aan die Ouditeur-generaal ten opsigte van 'n uitbetaling voorgelê kan word nie;
- (d) 'n rekenpligtige beamppte 'n uitbetaling strydig met 'n bepaling van die een of ander wet doen.

(2) Elke ongemagtigde uitgawe bedoel in subartikel (1) moet deur die Ouditeur-generaal in sy verslag aan die Parlement as sodanig aangegee word.

(3) 'n Ongemagtigde uitgawe bedoel in subartikel (1) maak nie 'n debet teen die Staatsinkomstefonds uit nie alvorens—

- (a) in die geval van paragraaf (a), (b) of (c) van daardie subartikel, die betrokke uitgawe by wet gemagtig is; of
- (b) in die geval van paragraaf (d) van daardie subartikel, die betrokke uitgawe by wet geldig verklaar word.

(4) Ongemagtigde uitgawes wat nie gemagtig of geldig verklaar word nie soos in subartikel (3) beoog, moet deur die Tesourie op die rekenpligtige beamppte verhaal word indien die rekenpligtige beamppte nie die betrokke bedrag van die begunstigde of die persoon verantwoordelik vir die ongemagtigde uitgawe, kan of wil verhaal nie.

34. (1) Indien iemand wat in diens van 'n Staatsdepartement Verhaal van is of was die Staat 'n verlies of skade berokken het deurdat hy— verliese en skade.

- (a) versuim het om Staatsgeld vir die invordering waarvan hy verantwoordelik is of was, in te vorder;
- (b) vir 'n onreëlmaterie uitbetaling van Staatsgeld of vir 'n uitbetaling van sodanige geld wat nie deur 'n behoorlike bewyssuk gestaaf word nie, verantwoordelik is of was;
- (c) weens versuim om sy pligte uit te voer, vir 'n vrugtelose uitgawe van Staatsgeld verantwoordelik is of was;

Act No. 66, 1975

EXCHEQUER AND AUDIT ACT, 1975.

(d) is or was responsible for a deficiency in, or for the destruction of, or damage to, State moneys, stamps, face value documents and forms having a potential value, securities, equipment, stores or any other State property;

(e) due to an omission to carry out his duties, is or was responsible for a claim against the State, the accounting officer concerned shall determine the amount of such loss or damage and, subject to the provisions of subsection (5), order, by notice in writing, the said person to pay to him, within thirty days from the date of such notice, the amount so determined.

(2) If a person who is in the employ of a department of State and who has in terms of subsection (1) been ordered to pay an amount, fails to pay such amount within the period stipulated in the notice in question, the amount shall, subject to the provisions of subsections (4), (6) and (7), be deducted from his monthly salary: Provided that such deduction shall not in any month exceed one-fourth of his monthly salary.

(3) If a person who was in the employ of a department of State and who has, in terms of subsection (1), been ordered to pay an amount, fails to pay such amount within the period stipulated in the notice in question, the accounting officer concerned shall, subject to the provisions of subsections (4), (6) and (7), recover such amount from the person concerned by legal process.

(4) If a person who has been ordered to pay an amount in terms of subsection (1) makes, within the period stipulated in the notice in question, an offer to pay the amount in instalments, the accounting officer may allow payment in such instalments as he may consider reasonable: Provided that if the redemption of the amount in terms of the offer will not be effected within a period of twelve months calculated from the date on which the first instalment is payable, the approval of the Treasury shall be obtained for the payment thereof over a period in excess of the period mentioned, and the Treasury may determine the other terms and conditions subject to which the amount shall be paid.

(5) If for any reason whatsoever, an accounting officer is of the opinion that the amount of a loss or damage referred to in subsection (1) should not be recovered or should be recovered in part only from the person responsible therefor, he may request the Treasury to exempt that person from payment of the whole or a portion of such amount, and the Treasury may in its discretion approve of the whole or a portion of such amount not being recovered.

(6) A person who has in terms of subsection (1) been ordered to pay an amount may, within a period of thirty days from the date of such order, in writing request the accounting officer concerned, stating the grounds for his request, that a request as contemplated in subsection (5), be addressed to the Treasury, and if the accounting officer concerned refuses to address such a request to the Treasury or if the Treasury refuses to approve, as contemplated in the said subsection, of the whole or a portion of the amount in question not being recovered as requested, such person may within thirty days after he has been notified in writing of any such refusal, appeal against such refusal to the Minister, and the Minister may, after such further investigation as he may deem necessary, dismiss the appeal or order that the appellant be exempted either wholly or partly, according as he may consider fair and reasonable, from the payment of such amount.

(7) A person who has in terms of subsection (1) been ordered to pay an amount may, instead of appealing to the Minister under subsection (6), apply within a period of thirty days from the date of such order, or within such further period as the court may allow, to a competent court for an order setting aside such first-mentioned order or reducing such amount, and the court may upon such an application, if it is not convinced by the accounting officer concerned on the merits of the case that the order was rightly made or that that amount is correct, make an

SKATKIS- EN OUDITWET, 1975.

Wet No. 66, 1975

- (d) vir 'n tekort in, of 'n vernietiging of beskadiging van Staatsgeld, seëls, sigwaardestukke en vorms wat 'n potensiële waarde het, sekuriteite, uitrusting, voorrade of ander Staatsgoed verantwoordelik is of was;
- (e) weens versuim om sy pligte uit te voer, vir 'n eis teen die Staat verantwoordelik is of was,
- moet die betrokke rekenpligtige beamppte die bedrag van sodanige verlies of skade vasstel en, behoudens die bepalings van subartikel (5), genoemde persoon by skriftelike kennisgewing gelas om die bedrag wat aldus vasgestel is, binne dertig dae vanaf die datum van die kennisgewing aan hom te betaal.

(2) Indien iemand wat in diens van 'n Staatsdepartement is en wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, versuim om dié bedrag te betaal binne die tydperk in die betrokke kennisgewing bepaal, word dié bedrag, behoudens die bepalings van subartikels (4), (6) en (7), van sy maandelikse salaris afgetrek: Met dien verstande dat so 'n aftrekking nie in een maand meer as een-vierde van sy maandelikse salaris mag beloop nie.

(3) Indien iemand wat in diens van 'n Staatsdepartement was en wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, versuim om dié bedrag te betaal binne die tydperk in die betrokke kennisgewing bepaal, moet die betrokke rekenpligtige beamppte, behoudens die bepalings van subartikels (4), (6) en (7), dié bedrag deur middel van geregtelike proses op dié persoon verhaal.

(4) Indien iemand wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, binne die tydperk in die betrokke kennisgewing bepaal, aanbied om dié bedrag in paalemente te betaal, kan die rekenpligtige beamppte hom toelaat om te betaal in die paalemente wat, na hy meen, redelik is: Met dien verstande dat indien die delging van die bedrag ingevolge die aanbod nie binne 'n tydperk van twaalf maande, gerek vanaf die datum waarop die eerste paalement betaalbaar is, sal geskied nie, die Tesourie se goedkeuring verkry moet word om dié bedrag oor 'n langer tydperk as genoemde tydperk te betaal, en die Tesourie die ander voorwaardes waarop dié bedrag betaal moet word, kan bepaal.

(5) Indien 'n rekenpligtige beamppte, om watter rede ook al, van mening is dat die bedrag van 'n verlies of skade bedoel in subartikel (1) nie verhaal behoort te word nie of slegs ten dele verhaal behoort te word op die persoon wat daarvoor verantwoordelik is, kan hy die Tesourie versoek om daardie persoon betaling van die geheel of 'n gedeelte van daardie bedrag kwyt te skeld, en die Tesourie kan na goeddunke goedkeur dat die geheel of 'n gedeelte van daardie bedrag nie verhaal word nie.

(6) Iemand wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, kan binne 'n tydperk van dertig dae van die datum van die lasgewing, die betrokke rekenpligtige beamppte skriftelik versoek, met opgaaf van die gronde vir sy versoek, om 'n versoek, soos beoog in subartikel (5), tot die Tesourie te rig, en indien die betrokke rekenpligtige beamppte weier om so 'n versoek tot die Tesourie te rig of die Tesourie weier om, soos beoog in genoemde subartikel, goed te keur dat die geheel of gedeelte van die betrokke bedrag nie verhaal word nie, soos versoek, kan so iemand binne dertig dae nadat hy skriftelik van enige sodanige weiering in kennis gestel is, by die Minister appèl daarteen aanteken, en die Minister kan, na die verdere ondersoek wat hy nodig ag, die appèl verwerp of gelas dat die appellant geheel en al of ten dele, na gelang van wat hy billik en redelik ag, van die betaling van daardie bedrag kwytgeskeld word.

(7) Iemand wat ingevolge subartikel (1) gelas is om 'n bedrag te betaal, kan in plaas van kragtens subartikel (6) by die Minister appèl aan te teken, by 'n bevoegde hof aansoek doen, binne 'n tydperk van dertig dae van die datum van die lasgewing, of binne die verdere tydperk wat die hof toelaat, om 'n bevel waarby die lasgewing ter syde gestel of daardie bedrag verminder word, en die hof kan op so 'n aansoek, indien hy nie deur die betrokke rekenpligtige beamppte aan die hand van omstandighede van die geval oortuig word nie dat die lasgewing tereg opgelê is of dat daardie bedrag huis is, 'n bevel uitreik waarby die

Act No. 66, 1975

EXCHEQUER AND AUDIT ACT, 1975.

order setting aside such first-mentioned order or reducing that amount, as the case may be.

(8) If an amount is in terms of subsection (5), (6) or (7) reduced, the reduced amount shall *mutatis mutandis* be recovered in accordance with the provisions of subsections (1), (2), (3) and (4).

Guarantees by a Minister for repayment of certain loans, and undertakings by Minister to reimburse losses as result of other guarantees for fulfilling of obligations.

35. (1) Any Minister may on such terms and conditions as he may determine, in consultation with the Minister of Finance, if he is not the latter Minister, guarantee the repayment of the capital of, and payment of the interest on, and payment of any charges incurred in connection with, any loan granted by the Bank to any statutory body or a foreign government or central bank and in respect of which such a guarantee has not been given by a Minister in terms of any other law: Provided that no such guarantee may be so given if—

- (i) the amount of such loan; or
- (ii) the amount of such loan together with the amounts of any other loans granted to such body, government or bank by the Bank and guaranteed by a Minister in terms of this paragraph,

exceeds three hundred million rand, unless it has been approved by resolution of the Senate and of the House of Assembly.

(2) Subject, *mutatis mutandis*, to the proviso to subsection (1), the Minister may undertake to reimburse a loss which the Bank may sustain in consequence of a guarantee furnished by it for the fulfilment of an obligation to pay a sum of money contracted by a statutory body, whether in the Republic or elsewhere.

Application of certain provisions concerning powers of Minister, and delegation of his powers.

36. (1) Whenever a law requires a Minister to do anything in or after consultation with the Minister of Finance, such requirement shall, unless one of the Ministers concerned has otherwise directed, be deemed to have been complied with if consultation has taken place between the heads of the departments concerned as defined in the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), or their representatives.

(2) Except in a case to which subsection (1) applies, the Minister may delegate to an officer in the Department of Finance any power or function conferred on or assigned to him by this Act or any other law, in relation to the revenue, expenditure or property of the State or a statutory body, with the exception of a power to make regulations and a power or function contemplated in sections 4 (3) and (4), 7, 16, 17, 18 (1), (2) and (7), 19 (1) and (2), 21, 22, 26, 34 (6), 38 (3), 42 (7) and 45 (1), but shall not thereby be divested of a power or function so delegated, and may amend or withdraw a decision of such an officer by virtue of any such delegation.

(3) For the purposes of subsection (1) the Postmaster-General shall be deemed to be a head of a department as defined in the Public Service Act, 1957.

Gifts to the State.

37. Whenever a gift is made to the State and it is not apparent to what purpose it should be applied, the Minister may decide the manner in which such gift shall be utilized, and if such gift is in the form of cash he may, notwithstanding any provision to the contrary in any law contained, direct that for the purposes of this Act it shall be deemed not to be revenue.

Financial Regulations.

38. (1) The Minister may make regulations—

- (a) prescribing further duties and responsibilities of accounting officers;
- (b) providing for the designation of officers as principal receivers of revenue and prescribing their duties and responsibilities as such;

SKATKIS- EN OUDITWET, 1975.

Wet No. 66, 1975

lasgewing ter syde gestel word of dié bedrag verminder word, na gelang van die geval.

(8) Indien 'n bedrag ingevolge subartikel (5), (6) of (7) verminder word, word die verminderde bedrag *mutatis mutandis* ooreenkomsdig die bepalings van subartikels (1), (2), (3) en (4) verhaal.

35. (1) 'n Minister kan op die voorwaardes wat hy bepaal, in oorleg met die Minister van Finansies, indien hy nie laasgenoemde Minister is nie, die terugbetaling van die hoofsom van, en die betaling van die rente op, en die betaling van koste aangaan in verband met, 'n lening waarborg wat deur die Bank aan 'n statutêre liggaam of 'n buitelandse regering of sentrale bank toegestaan is en ten opsigte waarvan geen sodanige waarborg deur 'n Minister ingevolge 'n ander wet verstrek is nie: Met dien verstande dat geen sodanige waarborg aldus verstrek mag word nie, indien—

- (i) die bedrag van daardie lening; of
- (ii) die bedrag van daardie lening tesame met die bedrae van ander lenings aan daardie liggaam, regering of bank deur die Bank toegestaan en deur 'n Minister ingevolge hierdie paragraaf gewaarborg,

driehonderdmiljoen rand oorskry, tensy dit by besluit van die Senaat en van die Volksraad goedgekeur is.

(2) Behoudens, *mutatis mutandis*, die voorbehoudbepaling by subartikel (1), kan die Minister onderneem om 'n verlies te vergoed wat die Bank mag ly ten gevolge van 'n waarborg wat hy verstrek het vir die nakoming van 'n verpligting om 'n som geld te betaal wat deur 'n statutêre liggaam aangegaan is, hetsy in die Republiek of elders.

36. (1) Wanneer 'n wet vereis dat 'n Minister iets in of na oorleg met die Minister van Finansies moet doen, word, tensy een van die betrokke Ministers anders gelas het, bedoelde vereiste geag nagekom te gewees het indien oorlegpleging tussen die betrokke departementshoofde soos omskryf in die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), of hul verteenwoordigers plaasgevind het.

(2) Die Minister kan, behalwe in 'n geval waarop subartikel (1) betrekking het, 'n bevoegdheid of werksaamheid met betrekking tot die inkomste, uitgawes of goed van die Staat of 'n statutêre liggaam, wat by hierdie of 'n ander wet aan hom verleent of opgedra is, uitgesonderd 'n bevoegdheid om regulasies uit te vaardig en 'n bevoegdheid of werksaamheid bedoel in artikels 4 (3) en (4), 7, 16, 17, 18 (1), (2) en (7), 19 (1) en (2), 21, 22, 26, 34 (6), 38 (3), 42 (7) en 45 (1), aan 'n beamppte in die Departement van Finansies deleger, maar word nie daardeur van 'n aldus gedelegeerde bevoegdheid of werksaamheid ontdoen nie, en kan 'n besluit van so 'n beamppte uit hoofde van so 'n delegasie wysig of intrek.

(3) By die toepassing van subartikel (1) word die Posmeester-generaal geag 'n departementshoof te wees soos omskryf in die Staatsdienswet, 1957.

37. Wanneer 'n skenking aan die Staat gedoen word, kan die Minister, as dit nie duidelik is vir watter doel die skenking aangewend moet word nie, beslis hoe dit aangewend moet word, en indien so 'n skenking in kontant is, kan hy, ondanks 'n andersluidende bepaling van die een of ander wet, gelas dat dit by die toepassing van hierdie Wet geag word nie inkomste te wees nie.

- 38.** (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat—
- (a) verdere pligte en verantwoordelikhede van rekenpligtige beamptes voorskryf;
 - (b) voorsiening maak vir die aanwysing van beamptes as hoofontvangers van inkomste en hul pligte en verantwoordelikhede as sodanig voorskryf;

Finansiële
Regulasies.

Act No. 66, 1975

EXCHEQUER AND AUDIT ACT, 1975.

- (c) providing for the refund from current revenue of moneys collected in error;
- (d) providing for the designation of officers as departmental accountants and prescribing their duties and responsibilities as such;
- (e) prescribing a system which shall be observed in regard to the collection, receipt, banking, custody, disbursement, disposal and control of, accounting for, and supervision over State moneys and the accounts kept in connection therewith;
- (f) prescribing the conditions under which gifts to the State may be accepted and utilized;
- (g) which in his opinion may be necessary for the administration of Chapter II of this Act;
- (h) providing for the control over and stocktaking of securities, stamps and other State property;
- (i) providing for the manner in which and procedures according to which accounting officers and the Treasury shall exercise the powers and perform the duties assigned to them by this Act;
- (j) providing for the financial arrangements regarding a service rendered by one department of State to another;
- (k) providing in general for the administration of the provisions and the achievement of the objects of this Act.

(2) Different regulations may under subsection (1) be made in respect of different categories of State moneys or other State property, or different categories of persons entrusted with the collection, receipt, banking, custody, disbursement, disposal and control of, accounting for, and supervision over, State moneys and other State property.

(3) The Minister may, if in his opinion circumstances warrant it, provide that a regulation made under subsection (1) need not be complied with or need not be complied with to the extent determined by him.

Treasury Instructions.

39. (1) The Treasury may from time to time issue instructions, which shall not be inconsistent with the Financial Regulations, in regard to—

- (a) any matter mentioned in section 31;
- (b) any matter mentioned in section 38;
- (c) the manner in which accounting officers shall make submissions to the Treasury and the persons by whom such submissions shall be signed;
- (d) the administration in general, of the provisions of this Act and the Financial Regulations and the achievement of the objects thereof.

(2) The Treasury may, if in its opinion circumstances warrant it, approve a departure from a Treasury Instruction.

Revenue Instructions.

40. An officer designated as principal receiver of revenue in terms of the Financial Regulations may from time to time, and shall whenever required by the Treasury to do so, issue to all persons who are responsible for the collection, control and disposal of any revenues in respect of which he is the principal receiver, or of such other revenues as the Treasury may determine, such instructions (entitled Revenue Instructions) as the Treasury may approve, or require him to issue in regard to such collection, control and disposal.

SKATKIS- EN OUDITWET, 1975.

Wet No. 66, 1975

- (c) voorsiening maak vir die terugbetaling uit lopende inkomste van geld wat verkeerdelik ingevorder is;
 - (d) voorsiening maak vir die aanwysing van beampies as departementele rekenmeesters en hul pligte en verantwoordelikhede as sodanig voorskryf;
